# Rustenburg Gemeenskapskerk

**13 FEBRUARIE 2022**


Posbus / PO Box 20146
Protea Park 0305
www.rtbgkerk.org

Ds. Theo Möller - 066 270 3086
Ds. Ignatius Rademeyer – 071 675 5564
E-pos / E-mail: rtbgkerk@gmail.com
Registration number: MPC: PBO 930046902





## Buffelspoort Karnaval 5 Maart 2022

### Karnaval-kaartjies


Ons vra asb dat elke huisgesin een karnaval boekie sal probeer verkoop. Kom kry jou boekie en kalender vandag by die i-toonbank

Die RGK is op 'n edel manier trots op ons produksies en aktiwiteite. Dit dra altyd die stempel van hoë kwaliteit. Ons is die Kerk in Rustenburg wat bewys het dat ons feeste vir die hele kontrei kan organiseer. Ons benodig elkeen in ons Kerk se hande, harte en horlosies (tyd) hiervoor. Wat ons ookal doen doen ons tot eer van die Here

### Gedagte vir die dag: Dade bevestig woorde (deur Lizette Murray)

**Hy het vir die manne gesê:"Mag die Here my daarvan bewaar dat ek my hand teen my Koning, die gesalfde Here, oplig, want hy is die gesalfde van die Here."(1 Samuel 24:7)**
**In 'n spelonk in die En-Gediwoestyn waar Dawid en sy manne skuil, kry hy die kans om Saul dood te maak toe die Koning in die grot vertoef. Sy manskappe sien dit as 'n teken dat die Here Saul in sy hand gee. Dawid sny egter net die punt van Saul se mantel af. Maar sy gewete pla hom dat hy dit durf waag het om oneerbieding teenoor die gesalfde van die Here op te tree. Hy hardloop agter Saul aan en verseker hom van sy lojaliteit.**
**Dawid gebruik nie net gerusstellende, sussende woorde om Saul te oortuig dat hy hom nie sal dood maak nie. Die afgesnyde stuk mantel is die konkrete bewys van sy gesindheid.**
**Eeue later sê Jakobus presies dieselfde wanneer hy ons aanmoedig om ons geloof deur ons dade te toon. Gesindheid bly 'n mooi begrip totdat dit deur dade bevestig word.**
**Vandag het ons dikwels virtuele vriendskappe. Via ons sosialemedia-platforms kan ons ons vriende met goedgekose woorde verseker dat hulle spesiaal en belangrik is. Ons kan die lof van vriendskap en verhoudinge besing. Ons stuur dieselfde boodskap wat ons van iemand gekry het na tien ander vriendinne. Dikwels word hierdie mooiklinkende woorde egter nooit aan die werklikheid getoets nie.**

**Ons moet mekaar weer in die oë kyk en sê: Hier is ek. Wat kan ek vir jou doen?**
**"Here, ek wil my liefde deur my dade wys. Amen."**



## Bybelskool 2022

**Tema: "Bybelse reis na die tyd van Jesus"**
**Gelukkig kan ons weer reis na die moeilike grendeltyd. Kom reis saam met ons, oor 10 stadia(sessies) na die omstandighede 2000 jaar gelede.**
**Hoogtepunte op die reis:**
**- Verstaan die Bybel beter**
**- Verstaan die Bybel se agtergrond en omstandighede beter**
**- Verstaan politieke en kulturele situasie beter**
**Studie leier: Ds. Riaan Steyn in samewerking met ds. Theo en Ignatius**
**Bespreek asb vooraf by i-toonbank.**
**Ons skop af op 16 Februarie om 17h30**

## Geloof en dade



Jakobus 2:18 sê: "Wys dan vir my jou geloof wat sonder dade is, en ek sal jou my geloof wys met my dade"
Jakobus 2:26 stel dit só: "'n Liggaam wat nie asemhaal nie, is dood. Só is ook die geloof wat nie tot dade oorgaan nie, ook dood."
Hoekom moet die Kerk lidmate op 'n lidmaat lys hê wat gladnie die daad by die geloofswoord voeg nie? Wat dink u moet die Kerk hieraan doen?



## Dankoffers



**Ons Kerk se:**
**- instandhouding**
**- groei**
**- hulpverlening**
**kom @ 'n prys. Kan jy asb. maandeliks help? Enige bedrag is welkom!**
**☑ EFT**
**☑ Stoporder**



### Bydraes tot Kerk en Barmhartigheid

Rustenburg Gemeenskapskerk
FNB
Tjekrekening: 62178931129
Takkode: 258055
Verwysing: Naam en van
Kaart fasiteite beskikbaar by I-toonbank

## Teebeurte



13 Februarie - Wyk 15
20 Februarie - Wyk 1



## Bid vir ons lidmate



- René Buys
- Riëtte Mc Donald
- Joey Dreyer
- Ciska Hopkins
- Peet Dique
- Amanda Pelser
- Lien Pelser
- Isabel Groenewald
- Lientjie Venter
- Daan Dercksen
- Magda Hamman
- Ivy Swart
- Annetjie Jeffrey
- Herman Niemand
- Isabel Mc Donald
- Janet Kleingeld
- Maryke Barnard

## Verjaarsdae 13 - 19 Feb 2022



13-Ivan Hopkins, Basson vd Walt
14-Bernice Graham, Gert Botha
Adelle JV Rensburg
16-Hennie Pieterse (s)
17-Alet Visser, Charlotte Grobler,
Louise Nell
18-Leezel Schutte
19-Veronica Schaap, Ditta Joubert